


# Dagboekinskrywings

'n Dagboekinskrywing is 'n baie persoonlike beskrywing van gebeure wat daardie dag of baie onlangs plaasgevind het en jou gevoelens daaroor.

'n Dagboekinskrywing:

- word in die eerste persoon geskryf (gebruik ek...my...ons)
- moet altyd van 'n datum voorsien wees;
- fokus op die hoogte- en laagtepunte van die dag;
- beskryf hoe die persoon voel of gevoel het oor dit wat gebeur het;
- word gewoonlik aan die einde van die dag geskryf (jy moet dus verlede tyd gebruik om te skryf oor gebeure wat reeds plaasgevind het; en die teenwoordige tyd om oor gevoelens te skryf wat jy nou ondervind)



## Wenke:

- ★ Jy hoef nie *Liewe Dagboek* te skryf nie.
- ★ Skryf in meer as een paragraaf.
- ★ Wissel jou sinslengte af. Jy kan in volsinne skryf, en 'n deel kan selfs in telegramstyl wees.
- ★ Gebruik informele register - jou dagboek is persoonlik en jy praat tog nie formeel met jouself nie!?
- ★ Noem jou ouers, ander familie en vriende op die name wat jy hulle gewoonlik noem (byvoorbeeld: *Ma*, nie *my ma* nie.)
- ★ Probeer om gevoelens oor te dra sonder om dit direk te beskryf (byvoorbeeld *Hoekom moet hy altyd so selfsugtig wees? Of As die eksamen tog net wil klaarkry!*)